die saaier

HERFS 2024

Met Gebedsgids

DIE SAAIER is die amptelike blad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Artikels wat hierin verskyn mag vrylik gebruik word met erkenning.

HERFS 2024
NOMMER 242
ISSN 1018-1512

Gepubliseer deur: Bybelgenootskap van Suid-Afrika

KONTAK-BESONDERHEDE
Die Redakteur
Die Saaier
p 5500 Tygervallei 7536
t 021 910 8777
f 021 910 8799

Liewe Vriende

Ek vertrou julle is almal uitgerus en gesond, en het 'n geseënde feestyd saam met julle geliefdes geniet.

Hier by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is dinge weer in volle swang, en ons sien uit na nog 'n jaar van oorvloedige en produktiewe Bybelwerk in ons pragtige land.

Ek is seker julle is bewus van die talle kommerwekkende dinge wat tans in die wêreld aan die gebeur is en wat ons magteloos kan laat.

In sulke moeilike tye word ek aan die volgende Bybelvers herinner: "Kyk, God is my verlossing; ek vertrou en is nie ontsteld nie. Ja, die HERE, die HERE is my toevlug en my sterkte; my verdediging; Hy het my tot hulp gekom." Jesaja 12:2 (2020-vertaling)

Jesaja se woorde dien as 'n vertroostende herinnering dat met die Here van die hele skepping aan ons sy, is geen uitdaging te groot nie, en geen situasie hopeloos nie. Ons is waarlik geseënd dat ons ons Verlosser kan aanroep vir elke behoefte.

Ek hoop jy sal die artikels in hierdie uitgawe van *die Saaier* geniet, en dat dit 'n vooruitskouing sal wees vir die sukes van vanjaar se wonderlike projekte om God se Woord na elke uithoek van ons nasie te versprei.

Tot volgende keer. Seëninge.

Rodney van Wyk
Uitvoerende Hoof

Bybelgebaseerde GELETTERDHEIDSPROJEK

'n Toevallige ontmoeting het 'n jong meisie aan die ander kant van die wêreld in staat gestel om in haar ouers se taal oor God te lees.

Die negejarige Mila van der Linde bly saam met haar ouers in Perth, Australië. Hulle het voor haar geboorte vanaf Suid-Afrika geëmigreer. Mila is 'n graad 5-leerder aan die *Quinns Baptist College*. Sy besit twee Afrikaanse Bybels en lees albei maar benodig hulp met van die woorde.

Vriende van die Van der Linde's, mev Hanlie Evans en haar man, Jimmy, het verlede jaar Suid-Afrika besoek. Mev Evans het een Sondag 'n diens by haar vorige kerk bygewoon waar ds Johan Peyper van die Bybelgenootskap (BSA) die diens gelei het. Hy het vertel van die Bybelgebaseerde geletterdheidsmateriaal wat die BSA ontwikkel het.

Tydens 'n terloopse gesprek, het mev Evans dit aan haar vriendin, me Annette Zeelie, genoem. Me Zeelie het vertel dat haar broer, ds Charl de Kock, by die BSA werk en kon help om die boekies in die hande te kry.

Na 'n paar telefoonoproepe het mev Evans die boekies in haar hand gehad. Sy het dit teruggeneem Australië toe om vir Mila te gee. Die jong dame het sedertdien haar Afrikaanse Bybels vlot begin lees danksy hierdie geskenk van die BSA.

Die BSA se visie is om die Bybel toeganklik te maak; deur dit in ver–skeie tale en formate beskikbaar te stel. Ons wil die Bybelbehoeftes van mense, hetsy in ons land of, soos in Mila se geval, buite sy grense, vervul. dS

Indien jy ons bybelgebaseerde geletterdheidsprojek wil ondersteun, besoek www.bybelgenootskap.co.za

BEKENDSTELLING VAN ISIZULU *REACH4LIFE*:
’n Viering van vennootskappe, hoop en transformasie

Op 18 November 2023, is die langverwagte bekendstelling van die isiZulu *Reach4life*-program op die skilderagtige plattelandse dorpie, Tugela Ferry in KwaZulu-Natal (KZN) gehou.

Daar was ’n energieke en entoesiastiese atmosfeer by die geleentheid wat meesterlik deur die nimlike past Monica Moravha, Senior Fasiliteerder by *Phakama Africa Community Projects*, aangebied is. Die *Village Youth Group* het ’n bekorende dansvertoning gelewer wat baie spesiaal was.

Onder die eregaste was; Stamhoof Ndabezitha Nkosi Kunene en sy vrou; die Burgemeester, dr Sikhakhane; die Skoolinspekteur, mnr Buthelezi; asook die Koördineerder van die Phakama Tugela Ferry, past Mduduzi.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se Uitvoerende Hoof, ds Rodney van Wyk, het namens die BSA spesiale Bybels aan die eregaste oorhandig en aangekondig dat elke teenwoordige persoon, ’n stel geletterdheidsboekies sou ontvang. Hy het die gehoor ook meegedeel oor die gratis Bybel-apps wat in hulle taal beskikbaar is en hoe hulle dit kan bekom en aflaai.

Mnr Monaheng Sekese, die Bestuurder by *Biblica Global Bible Ministry*, en me Thandeka Nzama, Direkteur van *Phakama Africa Community Projects,* het insiggewende besonderhede gedeel oor die onderskeie organisasies en die groot impak wat die *Reach4Life*-program in KZN gemaak het. Me Nzama het ook interessante uitslae gedeel van die vorige navorsing wat met 1 008 studente in sewe distrikte in KZN gedoen is. Van die sleutelbevindinge is:

- Tieners neem in hoë-risiko gedrag deel met beperkte kennis van hoe om hulself te beskerm.

- Daar is 'n gemengde geestelike landskap en ondervinding van die Bybel.
- Daar is 'n nou verwantskap tussen Bybelbetrokkenheid en positiewe geloofsoortuigings en gedrag.
- Tieners staar menige struikelblokke in die gesig wanneer dit by Bybellees kom. Tog, toon navorsing dat wanneer die Bybel gelees word as deel van 'n gemeenskapsprogram saam met lesse soos *Reach4Life*, wat die moderne isiZulu 2020-vertaling gebruik, kan dit hierdie struikelblokke aansienlik verminder en Bybelbetrokkenheid verhoog. Dit is 'n uitkoms wat in studies, na afloop van die programme getoets sal word.

Die BSA se Verhoudingsambassadeur, dr Elliot Sithole, het inligting gedeel oor die werk en die missie van die BSA. Hy het ook lig gewerp op die vertalingsproses van die isiZulu 2020 Bybel. Hy het sy ervaring as een van die Bybelvertalers wat aan die projek gewerk het oorgedra, en die belangrikheid van hierdie bronteksgeoriënteerde en maklik-om-te-verstaan Bybelvertaling verduidelik.

Die gemeenskap se hartroerende getuienisse wat die transformerende krag van die program beklemtoon het, het verder tot die mooi geleentheid bygedra.

Past Funeka van die *Christian Family Church* het die gemeenskap se worsteling met die Engelse materiaal verwoord, asook die geweldige impak wat die *Reach4life*-program in isiZulu en die nuwe isiZulu Bybel gehad het.

Londiwe, 'n student by die plaaslike hoërskool, het verduidelik hoe haar paadjie geloop het. Sy het struikelblokke oorkom, die program voltooi en weer teruggekeer skool toe.

Sy lei nou 'n *Reach4Life*-groep. Past Hlongwa, wat ook die geleentheid bygewoon het, het inspirerende stories gedeel rondom persoonlike transformasie en die program se potensiaal om in tronkbediening gebruik te word.

Die bekendstelling van die isiZulu *Reach4Life* Nuwe Testament was nie net 'n geleentheid nie maar 'n viering van hoop. Dit het 'n gemeenskap verenig in hul toewyding om die jeug te bemagtig en op te bou. Terwyl die eggos van die geleenheid nog in die lug gehang het, was dit duidelik dat die bekendstelling 'n baken van positiwiteit en hoop vir die toekoms, aangesteek het.

Reach4Life is 'n spesiale Nuwe Testament wat die omvattende 40-week gids vir jongmense insluit. Dit bevat hulpmiddels wat help om wyse lewenskeuses te neem en hoe om uitdagings soos MIV/VIGS te hanteer. Die program fokus op evangelisasie en dissipelskap, wat die leser die geleentheid gee vir 'n verbintenis met Christus en om 'n lewenslange verhouding met God te ontwikkel. dS



ONDERHOUD MET BSA SE HOOF VAN VERTALING

Bybelvertaling is een van die hooffunksies van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA). Om die Bybel in elke Suid-Afrikaner se hartstaal beskikbaar te maak, is geen klein taak nie. Baie mense verstaan nie die omvang van die werk wat in Bybelvertaling ingaan nie.

Ons het met die BSA se Hoof van Vertaling, dr Masenyani Baloyi, gesels om 'n idee te kry van die Bybelvertalingsproses en hoe belangrik dit is om verskillende taalgroepe van 'n Bybel in hulle eie taal te bedien.

V: Masenyani, vertel vir ons wanneer die BSA besluit om 'n Bybel te vertaal en hoe daardie proses begin?

A: Die BSA begin met die proses van 'n Bybelvertaling wanneer 'n kerk of 'n spesifieke taalgemeenskap dit versoek. Sodra die BSA se Uitvoerende Raad van Direkteure die vertaling goedgekeur het, begin ons vir mense soek wat as vertalers kan dien. Dit is soos 'n onderhoudproses. Wanneer die vertaalspan saamgestel is, kry elkeen die opdrag om 'n rowwe vertaling van die verskillende boeke van die Bybel te doen deur gebruik te maak van die Hebreeus en

Grieks brontekste met begeleiding. Dit is die eerste fase van die proses.

V: Hoeveel fases is daar?
A: Fase twee is die redigeringsproses. Dit behels om te kyk of die taal vloei maar dat die vertaling steeds getrou bly aan die bronteks. Daar is dikwels verskille oor die konteks en terminologie. As die vertalingskonsultant, is ek verantwoordelik vir die akkuraatheid van die vertaling. Die vertaling word dan aan die Vertalingshersieningskomitee gestuur, wat fase drie afsluit. Fase vier staan as gemeenskaptoetse bekend.

V: Hoekom is gemeenskaptoets belangrik?
A: Dit is krities omdat tale so kompleks is, en woorde het verskillende bete–kenisse binne verskillende dialekte. Neem Afrikaans as 'n voorbeeld; jy het iemand wat Griekwa Afrikaans praat en verstaan en 'n volgende persoon wat Oranje Rivier Afrikaans praat, en dan het jy nog die "Kaaps" dialek in Kaapstad. So die gemeenskaptoetsing help ons om 'n vertaling te verfyn vir die spesifieke taalgemeenskappe wat ons dien.

V: Kan jy vir ons 'n voorbeeld gee van hoe die komplekse natuur van taal na vore kom tydens die vertaalproses?
A: Ek kan jou 'n voorbeeld gee in Afrikaans, waar al die woorde verskillend is, maar dit beteken dieselfde: "maak propvol", "maak vol", "maak hom vol", "maak hom mooi vol" – die boodskap is dieselfde, maar jy gebruik verskillende woorde en daar kan die betekenis verskillende geïnterpreteer word.

Nog 'n voorbeeld is in Hebreeus; die woord "barak" kan "vervloek" beteken. As ek sê, "geseënd is jy", dan sal ek "barak" gebruik, maar dit kan ook "vervloek" beteken.

Dit is hoekom dit so 'n gekompliseerde en lang proses is. Een Bybelvertaling kan tot 10 jaar neem om te voltooi.

Luister na die volledige onderhoud op die BSA se amptelike potgooi, *Wired on the Word*. Beskikbaar op alle platforms. ds

Sommige van die Afrikaans 2020 Bybelvertalers.

Chinese soek BYBELSE WAARHEID

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) het in November 2023 'n spesiale besoek van 'n Chinese afvaardiging ontvang.

Die groep van ses van die Shanghai Munisipale Kommissie van Etiese en Godsdienstige Sake was op 'n sending vir antwoorde, om bande te versterk met die BSA asook om te sien hoe die BSA in 'n miljeu van diverse gelowe werk.

Ds Dirk Gevers, voormalige Uitvoerende Hoof van die BSA en nou Hoofsekretaris van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG) het ook die vergadering bygewoon.

Die huidige Uitvoerende Hoof van die BSA, ds Rodney van Wyk, se aanbieding het 'n bespreking ontlok oor die feit dat vals nuus en die wanindruk wat daar van die Bybel op die internet geskep word, 'n groot struikelblok is.

Ds Gevers het aangedui dat die WBG die bewaarders van die korrekte Bybelse teks is. Dit kan dus as 'n riglyn dien vir watter inligting in die digitale ruimte as betroubaar geag kan word. ds

Oorhandiging van VREDESBYBEL

Die idee om 'n Vredesbybel aan die nasies van Oekraïne en Rusland te bied, het verlede jaar by 'n Suid-Afrikaanse radiostasie ontstaan.

Die Pretoria FM-bestuurspan het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) genader vir twee Bybels in elk van die onderskeie tale. Die doel was om die Bybels aan verteenwoordigers by die Suid-Afrikaanse ambassades vir Rusland en Oekraïne voor te lê. Ongelukkig is die plan nie verwesenlik nie.

Die besluit is toe geneem om die Bybels aan verteenwoordigers van die Russiese en Oekraïense Bybelgenootskappe voor te lê.

Tydens die Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WBG) se Wêreld-byeenkoms in Nederland in Oktober 2023 is een van die Bybels aan Oleksandr Babiychuk, Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap in die Oekraïne, oorhandig.

Ds Rodney van Wyk, Uitvoerende Hoof van die BSA, en dr Paul du Plessis, Voorsitter van die BSA se Raad, het die oorhandiging behartig. ds

Bid saam met die Bybelgenootskappe

Gebedsgids
no 2 • 2024

31 Maart – 6 April

Colombië: Bid vir die sukses van die eerste vertaling van die Ou Testament in Wayuunaiki. Dit sal die inheemse bevolking van die Wayuu-etniese groep in La Guajira dien. Bid vir die vertalers en hul gesinne en dat die vertaling goed ontvang sal word. Bid vir die onderwysers wat die vertalers oplei.

Venezuela: Die situasie in ons land bly onstabiel en lewensomstandighede is ongelooflik moeilik. Bid dat noodsaaklike hulpbronne soos gesondheidsorg, medisyne, water en elektrisiteit toeganklik sal word. Bid dat Bybelvertaling meer Bybels en Bybelgedeeltes sal beskikbaar maak sodat die Woord van God kan voortgaan om te versprei.

Uruguay: Die *Breakfast with Jesus*-program help 10 000 kinders wat in uiterste armoede leef, met voeding en geestelike ontwikkeling. Die deel van kos en gepaste Bybelgedeeltes en -leringe, help ons om die onvoorwaardelike liefde van Jesus te beklemtoon. Bid dat die kinders die hand van God in hul lewens sal sien werk en 'n ernstige transformasie sal ervaar.

7 April – 13 April

Argentinië: Bid vir die vertaling van die Nuwe Testament en Bybelverhale uit die Ou Testament in Argentynse Gebaretaal. Bid ook vir ons projek om inklusiewe publikasies soos Oudiobybels en piktogramme vir kinders met kognitiewe gestremdhede aan te bied.

Bolivië: Ons *Message of Hope*-projek is daarop gemik om 2 000 Guaraní-kinders 'n boodskap van hoop te gee deur Bybelse materiaalpakkette te gebruik. Bid dat elke kind wat die pakkie ontvang, geseën sal word. Bid ook vir die vrywilligers wat ons ondersteun en gehelp het om die stelle af te lewer.

Paraguay: Baie mense in ons land kan nie Bybels bekostig nie. Bid vir ons projek om Bybels en Bybelgedeeltes aan dié groepe beskikbaar te maak. Bid dat dit hul geloof sal laat groei, en vernietigende kulturele gedrag sal teëwerk. Bid dat toenemend meer mense na Christus sal kom deur na die *Jesus Film* en die *Faith Comes by Hearing*-projek. Bid dat God die donateurs van hierdie projek sal seën.

14 April – 20 April

Brasilië: Ons *Fostering Values in Schools*-projek hoop om deur bybelse leringe etiese en sosiale waardes te laat herleef. Ons wil ook help om 'n kultuur van vrede binne skoolgemeenskappe te kweek. Bid dat die Brasiliaanse wet meer verdraagsaam sal word teenoor die gebruik van die Bybel in skole.

Peru: Bid vir ons projek wat gedrukte Bybelmateriaal gebruik om die duisende mense wat in afgeleë gemeenskappe in die Peruaanse hooglande woon, aan Jesus Christus bekend te stel. Bid vir die inheemse pastore en leiers wat aan die projek deelneem.

21 April – 27 April

Ecuador: Ecuador is die tuiste van sowat 24 000 blindes, en braille is 'n noodsaaklike daagse hulpmiddel vir 'n groot persentasie van dié bevolking. Bid vir ons projek om 12 braille Bybelleesklubs te stig en dat blinde gemeenskappe die liefde van God sal leer ken en direk uit Sy Woord sal leer.

Chili: Die *Born to Love*-projek bied professionele bystand om Christelike gesinswaardes onder kinders en tieners te bevorder. Dit fokus op die genesing van gesinsverhoudings en die ontwikkeling van opleiding in die voorkoming van seksuele mishandeling en die genesingsproses van trauma. Bid vir Chileense kinders en hul gesinne sodat hulle die pad na die Here kan vind en hul lewens kan verander.

28 April – 4 Mei

Noord-Korea: Bid vir die ekonomiese ontwikkeling van Noord-Korea, aangesien ongeveer 60% van die bevolking in uiterste armoede leef. Bid dat die mense hier toegang tot voedsel en primêre gesondheidsorg sal kry. Bid dat meer mense Christus in hulle harte sal aanvaar en vryheid, vrede en vreugde in Hom sal vind.

Suid-Korea: Bid vir Bybelwerk in ons land en vir ons doelwit om Koreaanse kerke te dien. Bid dat ons missie — om God se Woord te deel deur vertaling, publikasie en verskeie programme — suksesvol sal wees. Bid dat dit mense sal help om God se Woord in hul daaglikse lewens uit te leef.

Japan: Bid vir die voortgesette sukses van Japannese Bybelwerk terwyl ons poog om God se Woord te versprei en die Evangelie te deel. Bid vir die vertaling van die Bybel in Japannese Gebaretaal, spesifiek vir die vertaalspan en hul gesinne.

5 Mei – 11 Mei

China Vennootskap: Bid vir ons projek om Bybelpapier te verskaf ter ondersteuning van die Kerk in China. Meer Bybels moet gedruk en versprei word om behoeftes aan te spreek van die groeiende aantal Chinese mense wat Jesus wil leer ken. Bid vir ons jaarlikse goedkeuring van die owerhede om Bybeldrukpermitte uit te reik. Bid dat die Woord van God lesers sal help met hul begrip en geloof in Jesus Christus.

Mongolië: Bid dat ons *Braille Window*-projek lig in die lewens van mense met visuele gestremdhede sal bring. Bid dat hulle sal leer lees en so meer by die Woord van God betrokke sal raak. Bid dat hierdie groep God se lig sal sien en dat die Skrif vir hulle hoop sal gee.

Singapoer: Bid vir die sukses van al ons projekte. Bid dat die Bybelgenootskap van Singapoer sal kan voortgaan om die Woord van God aan alle mense beskikbaar te stel deur Bybelvertaling, -publikasie, -verspreiding, -geletterdheidsprogramme,

-betrokkenheid en -voorspraak.

Nepal: Slegs sowat 1,76% van ons bevolking is praktiserende Christene. Bid dat ons projekte om landsgenote met die kennis van Christus te bemagtig, wydverspreid en suksesvol sal wees. Bid dat geletterdheid in Nepal sal verbeter en dat meer mense toegang tot die Woord van God sal hê deur ons Bybelwerk.

12 Mei – 18 Mei

Maleisië: Bid vir ons missie om die Bybel aan alle Maleisiërs beskikbaar te stel. Bid dat ons hulle by die Woord van God kan betrek en dat ons mense van ander geloofsgroepe met die Bybel kan bedien. Bid dat ons 'n nouer verhouding met plaaslike kerke kan hê sodat ons digitale Bybelmateriaal kan produseer wat die behoeftes van die nuwe generasie sal aanspreek.

Thailand: Die meerderheid Thaise mense het geen kennis van Christenskap of die Bybel nie. Christene maak slegs 1,2% van meer as 71 miljoen inwoners uit. Bid vir die sukses van ons visie om toe te sien dat elke Thai 'n Bybel het en ook die vaardighede het om dit te gebruik. Bid vir ons vertaling- en verspreidingspogings en voorspraakinisiatiewe en dat ons Thaise Christene sal kan help om die Skrif te verstaan en te waardeer.

Mianmar: Bid vir ons volgehoue pogings om die Bybel in die hartstale van al ons land se mense te vertaal. Bid vir ons visie om, in samewerking met ander instansies, Bybelhulpmiddels en die Woord van God in verskeie formate beskikbaar te stel.

19 Mei – 25 Mei

Kambodja: Ons geletterdheidsprogram, *Learning Through Listening*, spreek ongeletterdheid onder Kambodjane aan. Bid vir die program se impak in die provinsies, vir nuwe strategieë om die program te implementeer, en dat God Sy Woord sal gebruik om verlossing aan studente en geestelike groei aan gelowiges te bring.

Viëtnam: Daar is maar 'n klein groepie Boeddhiste in Viëtnam wat deur kommunistiese ideologieë en ekonomiese huursoekers beheer word. Bid vir die beskikbaarheid van die Bybel en die betekenisvolle gebruik daarvan onder die plaaslike burgers asook mense wat in die diasporiese gemeenskappe bly.

Laos: Daar is nog baie beperkings op godsdiensvryheid in ons land. Bid dat ons in die toekoms 'n Bybelgenootskapkantoor sal kan stig en dat ons jonger geslagte met Bybelkennis en waardes sal kan bemagtig.

26 Mei – 1 Junie

Noorweë: Bid steeds vir die Noorse Bybelgenootskap se missie om die Bybel meer vrylik beskikbaar te maak. Bid vir ons doelwit om teen 2025 die Bybel 'n teenwoordigheid in die kerke asook in die publieke sfeer te gee en dit ook sigbaar te maak.

Finland: Prys die Here vir die sukses van al geletterdheidsprojekte. Bid dat die Finse Bybelgenootskap sy doelwitte kan bereik asook bewusmaking kan bevorder en belangstelling in die Woord van God kan wek. Bid dat al ons huidige programme met sukses voltooi sal word en dat meer Bybels teen bekostigbare pryse versprei kan word.

Swede: Bid steeds vir ons personeel en Bybelwerk in ons land, insluitende die vertaling en verspreiding van die Sweedse Bybel. Bid dat meer mense God se Woord in hul hartstaal sal leer ken en dat meer donateurs ons Bybelwerk sal ondersteun.

2 Junie – 8 Junie

Portugal: Na die sukses van ons digitale transformasiepadkaart, wil ons die volgende stap neem om mense te help om digitaal betrokke te raak by die Bybelteks en ander hulpbronne. Bid dat ons verskillende gehore deur hierdie inisiatief kan bereik.

Frankryk: Namate ons land toenemend sekulêr word en Christenskap al meer verwerp word, word Bybelverspreiding 'n toenemende groter uitdaging. Die toepaslikheid van die Woord van God word bevraagteken. Bid dat ons meer harte met die bybelse boodskap kan bereik. Bid vir ons pogings om inklusiewe bybelse hulpmiddels te voorsien soos Bybels wat aangepas is vir mense wat haweloos is, potgooie en boeke vir migrante.

Spanje: Die Bybelgenootskap se missie is om enige versperrings te verwyder wat mense kan verhoed om toegang tot die Bybel te hê. Bid vir ons projekte om die Bybelteks te vertaal en te hersien en te werk om



die Skrif in verskillende tale en formate te produseer.

9 Junie – 15 Junie

Denemarke: Bid dat meer Dene weer met die Woord van God sal aanklank vind en dat die Bybel 'n groot impak op ons gemeenskappe sal hê. Bid veral vir ons vertaalprojekte en dat Bybelbetrokkenheid sal toeneem, veral onder ons land se jeug.

Faroëreilande: Die Faroëse Bybelgenootskap werk in 'n eilandgemeenskap met 54 000 burgers. Bid dat Bybelwerk in ons streek baie lewens sal beïnvloed, en dat ons Bybels en bybelse materiaal in verskeie vertalings en formate kan voorsien.

Ysland: Die Yslandse Bybelgenootskap doen voorspraak vir die gebruik, publikasie en verspreiding van die Bybel. Dit is ook hulle onderneming dat die Bybel altyd in Yslands beskikbaar sal wees en ook teen 'n bekostigbare prys. Bid vir ons pogings om die profiel van die Bybel en Bybelwerk te verhoog en dat Yslandse burgers sal terugkeer na die bladsye van God se Woord.

16 Junie – 22 Junie

Skotland: Bid vir die gesondheid en welstand van ons personeel en hul gesinne terwyl ons ywerig werk om die Evangelie van Jesus Christus aan die mense van Skotland te bring. Bid dat die Woord van God onder die jeug sal versprei en in toekomstige geslagte as 'n baken van hoop geag sal word.

Engeland en Wallis: Bid dat volgelinge van Jesus oral sal groei in kennis en liefde van God. Bid ook vir leiding sodat die Bybelgenootskap in hierdie snelbewegende tye op nuwe uitdagings en geleenthede kan reageer, op die manier waarop Christus ons roep.

Noord-Ierland: Bid asseblief dat ons groei en ontwikkeling in die Bybelgenootskap in Noord-Ierland sal sien terwyl ons werk om die Kerk te dien en te ondersteun. Bid dat meer plaaslike mense by God se Woord betrokke sal raak; 'n liefde en passie vir die Skrif sal ontwikkel; en 'n groeiende hart hê vir die ondersteuning van die wêreldwye Bybelsending.

Republiek van Ierland: In Ierland werk die Nasionale Bybelgenootskap saam met alle Christelike kerke en met individue wat Bybelhulpbronne, eenvoudige gidse, Skrifstudies, hulp en kundigheid verskaf. Ons wil hê almal moet die Woord van God ken en verstaan. Bid asseblief vir die sukses van al ons huidige projekte.

23 Junie – 29 Junie

België: Bid vir die Bybelwerk in ons land en dat ons meer harte met die Woord van God sal bereik. Bid vir ons jonger geslagte en dat die Bybel hulle sal aangryp en dat die boodskap van hoop só aan toekomstige geslagte uitgedra sal word.

Switserland: Ons dank God vir al die suksesvolle werk wat deur die personeel van die Switserse Bybelgenootskap voltooi is. Bid vir God se seën op ons huidige en toekomstige projekte en 'n spesiale seën op almal wat hard werk om die Evangelie te versprei.

Nederland en Vlaandere: Hou aan om te bid dat die Bybel meer gereeld in ons streke oopgemaak word en dat mense die Bybel as 'n relevante bron vir hul lewens sal sien. Bid ook dat alle kinders die geleentheid kry om van die Bybel te leer en bybelse waardes in hul lewens te implementeer. ds

BSA vang die oog by *MIGHTY MEN* KONFERENSIE

Mnr Brian Ngxokolo, van die Bybelgenootskap se Oostelike Streek, het onlangs die *Mighty Men* konferensie by die Nahoondam in Oos-London bygewoon. Tydens die gebeurtenis wat oor drie dae gehou is, het mnr Ngxokolo die geleentheid gehad om besoekers ons Bybels en Bybelprodukte te wys.

Een van die besoekers aan die stalletjie was die 86-jarige mnr Ken Kirkhoff, wat nog Sondagskoolklasse gee. Mnr Kirkhoff het die *Brood van die Lewe* en die *Nuwe Testament* boekies baie interessant gevind en daarvan vir sy klasse bekom.

"Ek het 'n wonderlike ervaring by die konferensie gehad en ervaar dat 'n ware herlewing plaasvind," sê mnr Ngxokolo. Die geleentheid was suksesvol en het R4 028 ingesamel vir Bybelverspreiding. dS

Skoolleerders vind vertroosting in GOD'S WOORD

Leerders van die Southbourne Primêre Skool in Queenstown, KwaZulu-Natal, was verheug toe hulle Bybels van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) ontvang het.

Mev Hanlie Kruger, 'n remediërende en grondslagfase onderwyser by die skool, het Bybels by die BSA aangevra nadat haar man en seuns Bybels van die BSA ontvang het tydens die *Mighty Men* Konferensie in Oos-London.

"Ek help baie kinders met leerprobleme en ook sosiale en emosionele probleme. Die meeste van hierdie leerders het nie 'n goeie voorbeeld by die huis nie en word nie in die weg van die Here gelei nie. Ek sien dit as

deel van my bediening en bid dat God Bybels sal voorsien," het mev Kruger in 'n brief aan die BSA geskryf.

Haar versoek was suksesvol en die leerders van die skool het elkeen 'n Bybel ontvang. dS

BYBELS LAAT HARTE WARM KLOP IN KZN

Daar was sommer heelwat glimlagte toe personeel van die Bybelgenootskap (BSA) se Oostelike Streek, verlede Junie Bybels aan diegene in nood versprei het.

Pastor Gershwyn Gopaul, 'n Verhoudingsambassadeur van die BSA, het die Duffs Road Primêre School in KwaMashu besoek, en in samewerking met die Miletus Volle Evangelie Kerk, Nuwe Testamente aan die graad 7-leerders van die skool beskikbaar gemaak.

'n Klein diens was gehou. Dit het sang insluit wat deur die kinders gelei is, asook 'n kort boodskap deur pastore Mannie Pillay en Gopaul oor die impak wat die leerders op die wêreld kan hê, en, nog belangriker, wat die Woord van God vir hulle kan beteken.

Tydens die eerste jeugvergadering van *World Alive Ministries*, 'n nuutgevormede kerk in Phoenix, KwaZulu-Natal (KZN), het past Gopaul, 'n versoek gerig vir enigiemand wat 'n Bybel benodig. Vier jong dames het opgestaan. "Dit was 'n koue nag maar mens kon die warmte in hul glimlagte sien, toe hulle die Woord van God ontvang," het past Gopaul gesê.

Hoewel hulle as klein gesien word, is die *Ararat Full Gospel Mission* Kerk, 'n lojale ondersteuner en donateur aan die BSA. "Toe 'n groep nuwe lede, wat onlangs tot geloof gekom het in Jesus, Bybels benodig het, het die kerk uitgereik en elkeen van die lede het 'n eie Bybel ontvang," het past Gopaul verduidelik.

"Ons sien uit na 2024 en nog baie mooi ontmoetings met die jeug in KZN terwyl ons werk om God se Woord oor ons hele land te versprei," het hy bygevoeg. dS

Grootdrukbybel bring die **WOORD IN FOKUS**

Die Bybelgenootskap se visie is 'n Bybel vir elkeen. Dit is dus altyd 'n voorreg en vreugde om hierdie visie te sien verwesenlik word as deel van 'n spesiale geleentheid.

Past Brian Gopaul en die span van die Bybelgenootskap in KwaZulu-Natal het onlangs die genot gehad om mnr Gary Jordaan met 'n Grootdrukbybel te seën. Mnr Jordaan het swak visie in sy een oog en het gevra vir die skenking van 'n Bybel met groot teks sodat hy God se Woord makliker kan lees.

"Ek wil die Bybelgenootskap bedank vir die Bybel wat hulle vir my gegee het. My sig is baie sleg en dit is 'n seëning

om hierdie Bybel te ontvang om beter te kan lees," het hy gesê. dS

Stigterslede van Biker Bybeldiens **GROET**

Die Bybelgenootskap (BSA) in samewerking met die *Bikers Church* in Bloemfontein het in Augustus 2023 vir die sewende jaar 'n Bybelsondagdiens by dié kerk gehou.

Sowat 400 mense, van sover as Pretoria, Bethlehem en Benoni, het die geleentheid bygewoon en R45 000 is vir Bybelverspreiding ingesamel.

Dit was die laaste keer dat ds Gerrie van Dyk, Verhoudingsambassadeur van die Sentrale Streek, hierdie geleentheid as 'n verteenwoordiger van die BSA bygewoon het aangesien hy kort daarna sou aftree. Past Wimpie Burger van die *Bikers Church* het vir ds Van Dyk en sy vrou, Elna, as twee van die stigterslede van die projek, na vore geroep en 'n emosionele gebed vir hulle gedoen. "Ek dank die Here dat ek deel kon wees van hierdie geleentheid wat elke jaar van krag tot krag gegroei het," het ds Van Dyk gesê. dS

NUWE BOEK BEKYK

Bybelvertaling in Suider Afrika

Die ryk geskiedenis van Bybelvertaling in ’n verskeidenheid inheemse tale is die onderwerp van ’n nuwe boek wat nou by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) beskikbaar is.

Dr Eric Hermanson wat in 2005 as die Assistent-Hoofsekretaris van Vertaling en Teksversorging by die BSA afgetree het, is die skrywer van *Lighting the Lamp on the Pathway of Life*.

Die boek gee verslag van die Bybelvertalingsprojekte wat in 23 Bantu, Khoi en San-tale in Suid-Afrika, Botswana, Lesotho, Swaziland en Namibië voltooi is, waar die BSA streekskantore gehad het, voor daardie lande onafhanklik geraak en hulle onafhanklike Bybelgenootskappe geraak het.

Die boek brei ook uit op die verskillende weergawes van die Bybel in Afrikaans wat tussen 1983 en 2020 gepubliseer is.

Die 320-blad boek het 120 fotos van die vertalers en baie van die lede van die onderskeie Oorsigkomitees en etlike voetnote. Dit is geskryf vir enigiemand wat belangstel in hoe die Bybel in die tale van Suider-Afrika tot stand gekom het. Dit sal ook van groot waarde wees vir diegene wat meer inligting soek oor die vertaling in hulle taal.

Die voorgestelde publikasiedatum vir die gedrukte boek is 1 April 2024, maar dit sal eers in digitale formaat aanlyn beskikbaar wees by Amazon en Kobo.

Diegene wat ’n gedrukte kopie van die boek verkies en wil help met die drukkoste, kan aanlyn ’n voorafbestelling maak by www.bibleshop.co.za vir die spesiale voorpublikasieprys van R199 (normale prys R299). dS



DIE WOORD maak harte warm

Een getroue skenker van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) het die harte van mense op die strate laat warm klop toe sy onlangs die Woord met hulle gedeel het.

Mev Brunhilde Gandy van die St John Metodiste Kerk in Kroonstad, het 'n ruk gelede ds Pierre du Plooy van die BSA se Sentrale Streek, genader met 'n versoek vir Bybels.

"Ek het vir haar van die Nuwe Testamente gegee wat ons as skenking van die Amerikaanse Bybelgenootskap ontvang het. Sy neem fotos wanneer sy die Bybels versprei en die vreugde op die mense se gesigte wanneer sy vir hulle 'n Bybel gee, is duidelik merkbaar," het ds Du Plooy gesê. dS

Inkleurmaats beloon met BYBELSE MATERIAAL

Past Christo Maree het verlede jaar 'n diens van die Volle Evangelie Kerk op Delmas bygewoon. In die gemeente daardie oggend, was mev Heidi Kruger, wat 'n skryfbehoeftewinkel op die dorp besit.

Past Maree is daarna deur mev Kruger gekontak, met twee versoeke, naamlik, hoe sy Bybels in haar winkel kan verkoop, veral in isiZulu aangesien daar baie navrae vir Zulu Bybels is. Sy het ook iets gesoek wat sy as geskenke vir jong kinders kan gebruik.

Mev Kruger is vir die laaste aantal jare by die jaarlikse basaar van die Hervormende Kerk se gemeente in Delmas betrokke waar sy help met 'n inkleurkompetisie vir die kinders.

In die verlede het sy altyd lekkers en ander snoepgoed vir die wenners gegee. Sy wou egter iets meer betekenisvol gee, iets rondom die Bybel. Past Maree het vir haar van bybelse geletterdheidsboekies, Nuwe Testamente en Psalms, Uitreikbybels en Bybelgenootskap medaljes voorsien. dS

VIR DIE JONGSPAN

"Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het."

Matteus 28:6 (Afrikaans 1983-vertaling)

Kry hierdie aktiwiteit en meer by www.biblesa.co.za/vir-die-jongspan

VOORAFBESTELLING

Lighting the Lamp on the Pathway of Life

deur
Eric A Hermanson



ISBN: 9780798225793

Voorafbestellingsprys:
R199*

Launch Price:
R299

Geskatte datum van beskikbaarheid:
1 April 2024

* BESTEL BY
www.bibleshop.co.za

VOORAFBESTEL JOU KOPIE
VANDAG EN SPAAR R100

www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

"... of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."

Romeine 8:39
(1983-vertaling)

Jou Bybelhuis

Noordelike Streek
p 2002 Kempton Park 1620
t 011 970 4010

Oostelike Streek
p 30801 Mayville 4058
t 031 207 4933

Sentrale Streek
p 12149 Brandhof 9324
t 051 444 5980

Suidoostelike Streek
p 7579 Newton Park 6055
t 041 364 1138

Westelike Streek
p 4848 Tygervallei 7536
t 021 910 8777